Downloaded from Stanmorephysics.com

AFR. GR 10

**Versoening**

Ag Pa, laat ons nou vrede maak.
jy raas so in jou kis,
jy skaaf so aan 'n kwas
wat lankal reeds vergete is;

Oliewenhoutsfontein se bome
groei nie meer so dik en gaaf
dat meubelmakers in hul drome
tafelblaaie uit 'n stam kan saag

of saaidbôrds kan prakseer nie;
daardie plasie naby Pelgrimsrus
is ook vergange al verkoop,
die opbrengs gaandeweg verkwis –

en jy't jou hawer nooit gesaai nie –
net so min het ek miskien geword
wat Pa dalk wou, maar nietemin,
die saad is klaar gestort:

hier agter in my tuin begin
die jong tambotie en kiaat
al elke somer lustiger
van swaar en digte greine praat.

Downloaded from Stanmorephysics.com

| Woord | Verklaring | Engels |
| --- | --- | --- |
| | | |
| **gaaf** | goed, voortreflik | good, excellent |
| **grein** | draad van hout | grain of wood |
| **kwas** | harde kol in hout waar 'n tak uitgegroei het; dui op probleem | Knot in wood; indicates a problem |
| **lustiger** | Opgewekter | more cheerfully |
| **Oliewenhoutsfontein** | plaasnaam, ouer vorm van "olyfhout", letterlik by die fontein waar daar olyfhoutbome is. | name of a farm, older form of "olivewood", literally at the fountain where there are olive wood trees. |
| **opbrengs** | oes, verkoopbedrag | harvest, income from sale |
| **prakseer** | maak, ontwerp | Craft |
| **saaibôrd** | buffetkas met plek vie eetgerei en breekware | sideboard or cabinet for crockery and cutlery |
| **skaaf** | glad skuur | plane down |
| **vergange** | lank terug | Long ago, past |
| **verkwis** | onoordeelkundig bestee, vermors | Waste |
| **versoening** | om vrede te maak | make peace, reconciliation |

Downloaded from Stanmorephysics.com

1 Bespreek die titel in jou eie woorde.
*Versoening beteken om vrede te maak. Die inhoud handel oor 'n seun wat probeer vrede maak met sy gestorwe (dooie) pa.*

2 Watter bewys is daar dat daar 'n ek-spreker aan die woord in hierdie gedig is?
*Die gebruik van "ons" (versrëel 1) en van "my" (versrëel 17)*

3 Wat is die rympatroon in hierdie gedig?
*Gedeeltelike rym. Die tweede en vierde versrëel van elke strofe rym. In strofe 2 is daar kruisrym en die assonansie van "gaaf" en "saag".*

4 Hoe noem ons 'n strofe met vier *versrëels?*
*Kwatryn*

5 Hoe weet jy dat die spreker sy pa direk aanspreek?
*Begin versrëel 1 met "Ag Pa," - tussenwerpsel (uitroep)*

6 Haal EEN WOORD uit die gedig aan wat na die dood verwys
*Kis*

7 Waarvan beskuldig die spreker sy pa?
*Dat die pa hom aanhou karring (nag) het oor sake wat reeds lankal afgehandel was to die pa ongelukkig was oor 'n saak.*

8 Noem die twee moontlike beroepe wat die verteller se pa gedoen het.
*Boer en houtkapper*

9 Haal DRIE AFSONDERLIKE WOORDE wat na boerdery verwys.
*plasie ; opbrengs ; hawer ; gesaai ; gestort*

10 Haal EEN VERSREEL uit die gedig aan wat aandui dat die spreker se pa aanhou karring (nag) het.
*jy skaaf so aan 'n kwas - (beeldspraak – metafoor)*

11 Die spreker was wys met sy geld en het sy geld in die bank belê. Haal EEN VERSRëEL uit die gedig aan wat bewys dat hierdie stelling ONWAAR is.
*die opbrengs gaandeweg verkwis –*

Downloaded from Stanmorephysics.com

12 Waarna verwys Oliewenhoutsfontein?
*Plaasnaam. Ouer vorm van "olyfhout", letterlik by die fontein waar daar olyfhoutbome is.*

13 Gee die denotatiewe (letterlike) betekenis van "tambotie en kiaat"
*Twee boomsoorte*

14 Gee die konnotatiewe (figuurlike) betekenis van "tambotie en kiaat"
*Verwys waarskynlik na die spreker se kinders*

15 Wat is die figuurlike betekenis van "tuin" binne die konteks van die gedig?
*Tuin dui op vrugbaarheid en om sake in orde te kry.*

16 Verduidelik die ironie van "praat" met betrekking tot die tema in die gedig.
*("praat" – slotwoord in die gedig – personifikasie)*
*Dit sou die oplossing en voorwaarde vir oplossing wees, maar daarvoor is dit nou te laat, want die pa is al dood*

17 Maak 'n lys van al die verskillende boomsoorte wat in die gedig genoem word.
*olienhout ; tambotie ; kiaat*

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die woord "Ag" in reël 1 is 'n emosionele uiting. Wat dui dit hier aan? Kies jou antwoord uit die volgende: | |
| | A | opgewondenheid |
| | B | moedeloosheid |
| | C | haat |
| | D | roekeloosheid |
| 2. | Hoe sal jy die pa en seun se verhouding beskryf, volgens wat ons in die eerste strofe lees? Kies jou antwoord uit die volgende: | |
| | A | gemaklik |
| | B | vriendelik |
| | C | liefderyk |
| | D | problematies |
| 3. | Wat was moontlik die spreker se pa se beroep as jy kyk na beelde wat gebruik word? Kies jou antwoord uit die volgende: | |
| | A | meubelmaker |
| | B | loodgieter |
| | C | beeldhouer |
| | D | houtkapper |
| 4. | In watter distrik was die plasie Oliewenhoutfontein waarskynlik geleë? | |
| 5. | Met watter produk, dink jy, is daar op die plasie geboer? | |
| 6. | Gee 'n enkele woord uit die gedig wat 'lank gelede' beteken. | |
| 7. | Watter woord dui aan dat die spreker se pa nie die geld wat hy vir sy plasie gekry het, versigtig hanteer het nie? | |
| 8. | Hoe dink die spreker voel sy pa moontlik oor hom, volgens die voorlaaste strofe? Kies jou antwoord uit die volgende: | |
| | A | dankbaar |
| | B | geskok |
| | C | teleurgesteld |
| | D | tevrede |
| 9. | In reël 13 lees ons: "en jy't jou hawer nooit gesaai nie" waar daar na plantsaad verwys word. In reël 16 lees ons: "die saad is klaar gestort". Na watter "saad" dink jy word daar in reël 16 verwys? | |
| 10. | In die laaste strofe woon die spreker waarskynklik nie meer op 'n plaas nie, maar in die stad. Wat het hy egter hier gedoen om sy herinneringe aan sy lewe op die plaas lewendig te hou? | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Versoening**

Ag Pa, laat ons nou vrede maak.
jy raas so in jou kis,
jy skaaf so aan 'n kwas
wat lankal reeds vergete is;

Oliewenhoutsfontein se bome
groei nie meer so dik en gaaf
dat meubelmakers in hul drome
tafelblaaie uit 'n stam kan saag

of saaidbôrds kan prakseer nie;
daardie plasie naby Pelgrimsrus
is ook vergange al verkoop,
die opbrengs gaandeweg verkwis –

en jy't jou hawer nooit gesaai nie –
net so min het ek miskien geword
wat Pa dalk wou, maar nietemin,
die saad is klaar gestort:

hier agter in my tuin begin
die jong tambotie en kiaat
al elke somer lustiger
van swaar en digte greine praat.

Downloaded from Stanmorephysics.com

| Woord | Verklaring | Engels |
|---|---|---|
| | | |
| **gaaf** | goed, voortreflik | good, excellent |
| **grein** | draad van hout | grain of wood |
| **kwas** | harde kol in hout waar 'n tak uitgegroei het; dui op probleem | Knot in wood; indicates a problem |
| **lustiger** | Opgewekter | more cheerfully |
| **Oliewenhoutsfontein** | plaasnaam, ouer vorm van "olyfhout", letterlik by die fontein waar daar olyfhoutbome is. | name of a farm, older form of "olivewood", literally at the fountain where there are olive wood trees. |
| **opbrengs** | oes, verkoopbedrag | harvest, income from sale |
| **prakseer** | maak, ontwerp | Craft |
| **saaibôrd** | buffetkas met plek vie eetgerei en breekware | sideboard or cabinet for crockery and cutlery |
| **skaaf** | glad skuur | plane down |
| **vergange** | lank terug | Long ago, past |
| **verkwis** | onoordeelkundig bestee, vermors | Waste |
| **versoening** | om vrede te maak | make peace, reconciliation |

Downloaded from Stanmorephysics.com

1 Bespreek die titel in jou eie woorde.
*Versoening beteken om vrede te maak. Die inhoud handel oor 'n seun wat probeer vrede maak met sy gestorwe (dooie) pa.*

2 Watter bewys is daar dat daar 'n ek-spreker aan die woord in hierdie gedig is?
*Die gebruik van "ons" (versrëel 1) en van "my" (versrëel 17)*

3 Wat is die rympatroon in hierdie gedig?
*Gedeeltelike rym. Die tweede en vierde versrëel van elke strofe rym. In strofe 2 is daar kruisrym en die assonansie van "gaaf" en "saag".*

4 Hoe noem ons 'n strofe met vier *versrëels?*
*Kwatryn*

5 Hoe weet jy dat die spreker sy pa direk aanspreek?
*Begin versrëel 1 met "Ag Pa," - tussenwerpsel (uitroep)*

6 Haal EEN WOORD uit die gedig aan wat na die dood verwys
*Kis*

7 Waarvan beskuldig die spreker sy pa?
*Dat die pa hom aanhou karring (nag) het oor sake wat reeds lankal afgehandel was to die pa ongelukkig was oor 'n saak.*

8 Noem die twee moontlike beroepe wat die verteller se pa gedoen het.
*Boer en houtkapper*

9 Haal DRIE AFSONDERLIKE WOORDE wat na boerdery verwys.
*plasie ; opbrengs ; hawer ; gesaai ; gestort*

10 Haal EEN VERSREEL uit die gedig aan wat aandui dat die spreker se pa aanhou karring (nag) het.
*jy skaaf so aan 'n kwas - (beeldspraak – metafoor)*

11 Die spreker was wys met sy geld en het sy geld in die bank belê. Haal EEN VERSRëEL uit die gedig aan wat bewys dat hierdie stelling ONWAAR is.
*die opbrengs gaandeweg verkwis –*

Downloaded from Stanmorephysics.com

12 Waarna verwys Oliewenhoutsfontein?
*Plaasnaam. Ouer vorm van "olyfhout", letterlik by die fontein waar daar olyfhoutbome is.*

13 Gee die denotatiewe (letterlike) betekenis van "tambotie en kiaat"
*Twee boomsoorte*

14 Gee die konnotatiewe (figuurlike) betekenis van "tambotie en kiaat"
*Verwys waarskynlik na die spreker se kinders*

15 Wat is die figuurlike betekenis van "tuin" binne die konteks van die gedig?
*Tuin dui op vrugbaarheid en om sake in orde te kry.*

16 Verduidelik die ironie van "praat" met betrekking tot die tema in die gedig.
*("praat" – slotwoord in die gedig – personifikasie)*
*Dit sou die oplossing en voorwaarde vir oplossing wees, maar daarvoor is dit nou te laat, want die pa is al dood*

17 Maak 'n lys van al die verskillende boomsoorte wat in die gedig genoem word.
*olienhout ; tambotie ; kiaat*